

8 Augustus

Matteus 10:5-15

(Teks: 10:9 en 10a)

Waar toe het God my uitverkies? - 1

"Moenie vir goud of silwer of koper in julle beursies sorg nie en moenie vir die pad 'n reissak aanskak of nog 'n kledingstuk of skoene of 'n stok nie..."

'n Uitverkorene is 'n mens met wie daar iets gebeur.

Die woordjie "uit" in "uitverkies" sê dit al aan ons.

Wat gebeur met die twaalf dissipels wat Christus uitkies en uitstuur?

Hulle moet dinge prysgee: goud, silwer of koper mag nie in hul beursies wees nie.

Selfs nie eers 'n reissak, klere of skoene mag saamgeneem word nie.

Daar is dus dinge wat hulle moet agterlaat, opoffer.

Wat gebeur met Abraham as hy deur God uitverkies word?

Hy gaan uit sy land en sy ouerhuis en gee sy bekende omgewing en familie prys.

Wat gebeur met die volk Israel as God hulle uitkies?

Hulle gaan uit Egipte en gee oneindig baie dinge prys om uiteindelik die beloofde land binne te gaan.

Wat gebeur met Christus as God die Vader Hom uitkies om 'n taak hier op aarde te volbring?

Hy gaan uit Jerusalem en gee nie net die stad wat Hy lief het prys nie, maar ook uiteindelik sy lewe as Hy sy taak op Golgota volbring.

As God my uitkies is daar dinge wat ek agterlaat, prysgee en opoffer - selfverheerliking, sodat Gód in my lewe verheerlik kan word, want "aan Hom behoort die heerlikheid" (Rom. 11:36), my sondige natuur, die ou mens in my, omdat ek "in Christus uitverkies is om heilig en onberispelik voor Hom te wees" (Ef. 1:4).

Sing Skrifberyming 24:2 en 6

Dr. A.N. Helberg (Dordrecht)